NUUSBRIEF TWEEDE KWARTAAL 2017

Môreson ACVV Kinder- en Jeugsorgsentrum

Charlotte straat 18, Denneoord, George, 6529

acvvmoreson@acvv.org.za Tel: 044 874 4798

NPO - 011-821 – Reg. nr. 15/5/11/2/2C3129

Ek lê jou vandag voor GOD neer
Hy ken jou naam, jou lag, jou seer
Hy hou jou vas, wil vertroos
Teen Sy bors druk en liefkoos
...Hy ken omstandighede, wat jou pla
Hy hou jou hand, Hy wil jou dra
Hy neem elke Las, kommer, en vrees
Ek bid vandag dat jy Sy Gees ervaar
Dat jy staande sal bly, Hy is daar
Moenie kyk na die berg voor jou
Moenie dat versoekings jou onderkry
Jy is 'n Koningskind, geroep by die naam
Hy het jou lief, elke treë stap Hy saam
Jou hand in Syne, Hy sal nooit laat Los

Die winter is hier en ons staan in verwondering hoe die natuur in 'n tydperk van rus verkeer en hoe elke dag van 2017 tot dusver verby gevlieg het. Dit is met groot dankbaarheid teenoor ons Hemelse Vader wat ons elke dag versorg en gedra het!

Elke dag was met onsekerhede en uitdagings, maar elke dag kan ons getuig van die Here se Genade en Trou.

Ronell Lindholm
BESTUURDER – Môreson ACVV Kinder- en Jeugsorgsentrum

VANUIT DIE KANTOOR

- Op 1 April 2017 het die nuwe aflosstelsel in werking getree. Die 4 aflos kinder- en jeugsorgwerkers is as volg:
  Neldia Booysen los af by Huise 1 & 2
  Renène Scheepers los af by Huise 3 & 4
  Noëline Lanser los af by Huise 5 & 8
  Sarah Abrahams los af by Huise 6 & 7
- Andiah Myburgh bied 'n kwartaalikse spanbou aan. Op 24 April 2017 het sy weer vir ons 'n spanbou aangebied en die tema was:
  "Hoe hanteer ek moeilike mense in my werksplek".
- Ons kwartaalikse personeelfunksie en spanbou het plaasgevind op 22 Mei 2017 te **Mount Noah** Outdshoorn, waar die personeel heerlik kon ontspan.

ONS IS TROTS OP MôRESON SE KINDERS

Een van ons leerders het op 30 Junie 2017 vertrek na Msinga saam met die NG Kerk Bergsig waar hulle uitreik werk gaan doen het. Die leerder het dit baie positief ervaar en het baie geleer.

Een van ons dogters het haar skool verteenwoordig in sagtebal te Villiersdorp op 30 Junie 2017. Die dogter het ook die skool se sokkerspan verteenwoordig in Durban.

ONS SÊ DANKIE

Die Vryburgers het op 9 April 2017 ‘n “Tamaai-Braai” gehou en ons kinders bederf met heerlike braaivleis.

Op 13 Mei 2017 bederf Jolandi Claasens ons kinders op haar verjaardag met ‘n onvergeetlike pretdag. Sy bring ook 1467 pare sokkies vir ons kinders wat sy deur middel van ‘n reuse projek ingesamel het.

Op 28 Junie 2017 het Delvillepark Primêr se koor kom optree by Môreson, van hul leerders het ook viool gespeel.

Op 7 Julie 2017 het Belinda Fouie ‘n heerlike Kuieraand gereël waar Michael Lindt en Desmond Wells opgetree het. Daar is ook ‘n veiling ten bate van Môreson gehou by die spesifieke geleentheid.

Op 12 Julie 2017 gedurende die skoolvakansie het die restuarant “Oud & Nuut” by die Garden Route Tuin Sentrum ons kinders bederf met ‘n heerlike ete, ‘n vertoning deur Michael Lindt asook ‘n vertoning deur Oom Jannie met sy kulkunsies en buikspraak. Die kinders het hierdie uitstappie vreeslik geniet.

Ons **BASAAR** wat op 20 Mei 2017 plaasgevind het, was ‘n **REUSE SUKSES** en ons is baie dankbaar teenoor die kerke, vrywilligers en skenkers wat bygedra het tot hierdie reuse sukses. Ons beplan weer ‘n basaar vir volgende jaar en is nou al reeds besig om beplanning te doen wat dit ‘n nog groter geleentheid gaan maak. Ons opregte dank aan almal wat betrokke was vir al hul harde werk en beplanning, asook die publiek wat ons so goed ondersteun het.

KINDERBESKERMING MAAND – JUNIE 2017

Op 3 Junie 2017 het ons kinders "Jeugdag vieringe" bygewoon by **Kidsstop**.

Elke huis het ook Kinderbeskermingsmaand uit gebeeld deur middel van 'n drama of sang item wat op 8 Junie plaasgevind het.

Die kinders het ook die Munisipaliteit se jeugdagvieringe bygewoon te Rosemore stadium op 16 Junie 2017

MANDELA DAG 18 JULIE 2017 – UITREIKE

Op 17/07/2017 het Checkers St Georges Square 2 slaapkamers by Huis 3 kom uitverf. Baie dankie aan Andrè en sy span.

DIE VOLGENDE UITREIKE HET PLAASGEVIND OP 18 JULIE 2017:

1. **Just Property**, Piet en sy span het ons rekenaarkamer opgeknap.

2. **Hollywood Bets** Het vir ons kinders koek, koeldrank en lekkergoedpakkies gebring en ook speletjies met die kinders gespeel.
3. **On the Dot – Media 24** het vir die kinders sop, broodjies en tydskrifte gebring.
4. Yolanda en haar span van **Ambulansdienste** het lekkergoedpakkies vir die kinders kom uitdeel.
5. **George Polisiestasie** onder leiding van Kaptein Muller en Span, het toiletware vir ons kinders gebring.
6. Robyn van **Fruit Lover's Market** het vrugtepakkies, sap en stokkielekkers vir die kinders gebring.
7. **Geo King Nasorgsentrum** speletjies en 'n middagete (Hotdogs, skyfies, muffin en koeldrank) vir ons kinders voorsien.
8. **Sanlam** (Karla en span) skenk 67 komberse.

'n Besige, uitdagende kwartaal is verby. Ons opregte dank en waardering aan elke vrywilliger, donateur, omgee-tannie en ondersteuner van Môreson. Ons waardeer elkeen. Baie dankie vir u tyd en betrokkenheid by elke kind.